



# Gesinne in Harmonie

Volume 5, Augustus 2011  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Lieve Ouers,

In hierdie uitgawe fokus ons onder andere op **emosionele geborgenheid** en die belangrikheid daarvan vir ons in die gesinsverband en veral vir ons kinders.

Ons kinders is vir ons almal kosbaar en ons wil hulle beskerm met alles wat ons het, maar soms moet ons as ouers hulle toelaat om hulle vlerke te sprei en groot te word. Dis seker van die moeilikste dinge om te doen - om jou kind toe te laat om sy/haar eie foute te maak en hul eie paadjies te loop.

Dis nie altyd moontlik om ons kinders die hele tyd te beskerm nie en 'n mens raak soms paniekerig as jy dink waaraan hulle deesdae blootgestel word.

Daarom kyk ons bietjie in die uitgawe na **bullebakery** - ek is seker dis 'nwoord wat julle lanklaas gehoor het!

Dit is deesdae veral iets wat nie meer net tot die skoolgronde beperk is nie, maar selfs by ons grootmense in die werkplek voorkom en baie moeilik is om te hanteer.

Saan moet ons ons kinders ook bewus maak van hierdie soort afknouery en dat dit nie aanvaarbaar is om so behandel te word of ander so te behandel nie.

Laat weet gerus wat julle siening hieroor is!

## Saan in Sy diens,

**Lita**

**NS:** Kontak ons gerus deur middel van die details op die agterblad.



## Mootkarnaval

Dink solank wat jy kan bydra om hiervan 'n groot sukses te maak, al is dit eers in September!

Daar gaan twee kindertafels wees hierdie jaar...en jy is welkom om in te skakel as jy nog nie 'n plek het nie!

Kontak my gerus - ons wil hierdie jaar juis 'n paar handgemaakte items insluit by ons kindertafels!



## Brood-vir-Nood-Funksie met Nedine Blom!

**Wanneer?**  
Vrydag, 19 Augustus 2011

**Waar?**  
Hoërskool Oos-Moot  
**Hoe laat?** 19:00

## Koste?

- Laerskoolleerders betaal R20/kind vir grondsitplekke reg voor by Nedine
- Hoërskoolleerders en volwassenes betaal R60/persoon vir stoelsitplek

## Besprekings:

Susan by 012-3313644 (tot 12:00)  
Louwna by 012-3300362 of 071 480 1178



## "If I Had My Child To Raise Over Again"

If I had my child to raise over again,

I'd finger paint more, and point the finger less.

I'd do less correcting, and more connecting.

I'd take my eyes off my watch, and watch with my eyes.

I would care to know less, and know to care more.

I'd take more hikes and fly more kites.

I'd stop playing serious, and seriously play.

I'd run through more fields, and gaze at more stars.

I'd do more hugging, and less tugging.

I would be firm less often, and affirm much more.

I'd build self-esteem first, and the house later.

I'd teach less about the love of power,

And more about the power of love.

~Diane Loomans

## Notas vir die yskas

### Kleuterkerk en Junior Kategese in Augustus:

- 7 Aug - Langnaweek - Geen klasse
- 14 Aug - Gewone klasse
- 21 Aug - Gewone klasse
- 28 Aug - Bybelsondag + Kinderdiens - Ingee van Bybelbussies met bydraes vir Bybelverspreiding

## Manne-Oase

- 3 Aug 2011 - 18:30

Sluit gerus aan by ons gemeente se Manne-Oase vir geestelike ondersteuning en deel jou wedervaringe en gedagtes oor die lewe en jou geloof met ander manne soos jy!

## Ouer-Oase

- 25 Aug 2011 - 18:30

DVDs word in die saal vir die kinders gewys, so julle is welkom om hulle saam te bring.

Dis nie net vir ouers met probleme nie, maar ook vir dié wat hul positiewe belewenisse wil deel!

## Belydenisaflegging

- 28 Augustus tydens die aanddiens

Vir almal wat voor 2011 die belydenisklasse gedoen het.

Afsprake vir persoonlike geestelike gesprekke met Ds Leon Tait moet voor 19 Augustus plaasvind, so maak dit betyds!



# Gesinne in Harmonie

Volume 5, Augustus 2011  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## God maak nie foute nie

*My liefste kind,*

Toekom op jou besluit het, was daar soveel vrede, kalmte en liefde in My hart. Ek het geweet hoe jy gaan lyk, hoe jou stem gaan klink en hoe jou glimlag ander mense se harte gaan verander - selfs toe jy nog net 'n gedagte was...

Ek het jou begin vorm in jou ma se skoot. Jou vingerafdrukke lyntjie vir lyntjie getrek en geweet hierdie patroontjie op jou vingertjies sal Ek nooit meer herhaal nie.

**Jy is nie n fout nie want Ek maak nie foute nie.**

Ek maak net mense na My beeld.

Toek die tyd reg was het Ek jou volmaakte lyfie in jou moeder se arms neergelê. Ek het in jou oogies gekyk, gestaar en geweet Ek het n besonderse mensie gemaak.

Nog nooit het Ek daarna My oë van jou afgehaal nie. Ek het jou gesien opgroei.

In die dag bewonder Ek jou en in die aande sit Ek langs jou bed en kyk hoe jy aan die slaap raak. Soms het daar tranen oor jou wange gerol oor gebroke verhoudings, verkeerde besluite en soms sommer net omdat jy soos 'n mislukking gevoel het.

Daar was dae wat jy seergekry het, dae wat mense jou nie verstaan het nie, dae wat jy moedeloos was.

Dae wat pyn jou wou vernietig het!!

Ek het saam met jou gehuil, My hande gehou en

jou kosbare tranen opgevang. Ek ken seer. Ek ken pyn.

Daar was selfs 'n tyd wat mense my nie verstaan het nie, My verneder het, My verwerp het en aan 'n kruis vasgespyker het, daarom weet Ek hoe jy voel.

**Daar was dae wat jy deurmekaar gevoel het en gewonder het wat, waar en hoekom..**

Ek wil net vandag vir jou sê, nie een van die foute wat jy gemaak het, het My onkant gevang nie.

Ek was nie verbaas nie.

**Ek weet alles.**

**Ek verstaan alles.**

**Ek sien alles.**

**Ek kyk nie na jou met oë wat oordeel nie.**

**Ek kyk na jou met oë van liefde en Ek luister na jou met My hart, omdat Ek 'n God is wat uit liefde bestaan.**

Soms het mense al 'n verkeerde prentjie van My vir jou geskilder.

Ek wil jou nie straf nie.

Ek is nie ver van jou af nie.

**Ek ken jou beter as enige iemand anders.**

**Ek weet wie jy werklik is - Ek het jou gemaak en Ek is lief vir jou!**

*Jou Hemelse Vader*

## Spreuke 6:23

Wat ek jou voorskryf,  
is 'n lamp,  
my onderrig is 'n lig;  
wie horn laat teregwys,  
is op pad na die lewe toe.

## I Tessalonisense 3:12

En mag die Here  
julle liefde vir mekaar  
en alle mense  
laat groei en oorvloedig maak,  
net soos ons liefde vir julle.

## Kan jy jou kinders teen ongewenste inligting op die internet beskerm?

Colin Thornton, Besturende Direkteur van die rekenaarmaatskappy **Dial-a-Nerd**, bevel aan dat jy jou **default search engine** as [www.google.co.za](http://www.google.co.za) stel.

Volg dan hierdie stappe:

1. Kliek op **Search settings** aan die regterkant van die **search bar**
2. Kies **Use strict filtering** onder die **Safe Search**-opskrif
3. Kliek op **Save Preferences**

Dit sal dan ongewenste volwasse inhoud blokkeer waarop die kinders onder ander omstandighede toevalig sou kon afkom as hulle navorsing vir hul skooltake doen.

## Ons Huisreëls:

1. Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word
  2. Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jouself
  3. Luister as iemand anders praat
  4. Pas alle eiendom op
  5. Tree altyd toepaslik op
- Anoniem -

## Gemeentekamp

14-16 Oktober 2011



## Emmerentia Geldenhuys kampterrein

Besprekings by Basson  
Geldenhuys asseblief!

Tel: 071 6488 656

[basson.geldenhuys@dpw.gov.za](mailto:basson.geldenhuys@dpw.gov.za)

If we are to teach  
real peace in this  
world, and  
if we are to carry on  
a real war against  
war,  
we shall have to begin  
with the children.

Mohandas (Mahatma)  
Ghandi



# Gesinne in Harmonie

Volume 5, Augustus 2011  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Boelies / Bullebakke / Afknouers

'n Boelie is iemand wat ander afknou, hetsy fisies of emosioneel en genot daaruit put om sy 'slagoffer' in die openbaar of selfs in die stilligheid te verneder.

Dikwels kry ons boelies op die skoolgronde wat jonger kinders se kos of sakgeld afvat, hulle hardhandig behandel en voor ander verneder, of selfs handgemeen raak.

Dit gebeur ook al hoe meer dat meisies as boelies optree en dit is lankal reeds nie meer iets wat net onder seuns voorkom nie.

### Wat is die oorsake van bullebakery?

Baiemaal is 'n boelie self die slagoffer van bullebakery of selfs van gesinsgeweld en is sy bullebakery 'n hulproep wat nie geignoreer moet word nie.

Ander oorsake is ook wanneer kinders nie aan 'n konsekwente dissipline-stelsel by die huis blootgestel word nie of nie genoeg tyd saam met hul ouers spandeer nie.

Oormatige dissipline of onkonsekwente dissipline is net so goed soos geen dissipline.

### *Kinders moet grense hê en binne die liefdeskring van hul ouers gekoester voel.*

Veral klein kindertjies of tieners voel maklik afgeskeep of uitgesluit wanneer 'n boetie of sussie meer aandag kry, wat natuurlik swak gedrag tot gevolg kan hê in 'n poging om aandag te kry - al is dit negatiewe aandag.

Dan is daar natuurlik die '*monkey-see-monkey-do*' beginsel. Kinders hou ons met arendsoé dop en na-aap vreeslik maklik hul ouers se reaksies, liggaamstaal, stemtoon ens.

Let bietjie op na die manier waarop jy kommunikeer. Wat sê jou stemtoon en liggaamstaal? Hoe tree jy op in die verkeer of as iets verkeerd gaan by die huis? Hoe dissiplineer jy jou kind?

In die vorige uitgawe het ons ligweg geraak aan wat TV aan ons kinders doen. Oormatige blootstelling aan gewelddadige programme of aggressiewe karakters lei definitief ook tot dieselfde gedrag by sommige kinders.

Lees gerus ook die artikel *Help, ek word al jare geboelie!* op <http://www.mieliestronk.com/boelie.html>.

Desedae, met die elektroniese media, is dit ook al hoe makliker vir kinders om ander te boelie deur vals berigte op byvoorbeeld MXit of Facebook te laai en te versprei.

### Kuberboelies - Kinders in die spervuur

Lees gerus Rozanne Myburgh se artikel oor hierdie onderwerp op <http://www.jouwereld.co.za/?p=5476> - hier is ook nuttige wenke oor hoe om jou kinders teen kuberboelies te beskerm.

Ongelukkig gebeur dit dat kinders stories van mekaar versprei op die sosiale netwerke, sonder om die gevolge daarvan te besef.

Met 'n netwerk soos MXit is dit vir ouers ook nie moontlik om

die boelie-boodskappe op te spoor nie, want sodra die kind uitgaan, verdwyn die boodskappe in die niet. Maar daar is maniere om toegang tot sekere kletskamers te blok, so ons ouers moet net ingelig wees.

### Hoe hanteer ek 'n boelie?

Ek weet dat baie van ons ouers nog glo in 'n goeie pak slae op sy tyd, maar soms is die 'Naughty Chair'-idee van die Britse 'Nannies' nie so 'n slegte idee nie. Kinders is verskillend en daarom moet ouers seker maak dat hulle hul kinders goed ken en weet wat die beste gaan werk ten opsigte van motivering, sowel as straf.

Praktiese leiding word in die artikel ook *Pak die boelie by die horings!* deur Ilse Salzwedel gegee. Die artikel het in 2008 in die tydskrif *Baba & Kleuter* verskyn.

Die belangrikste is om vas te stel of jou kind geboelie word en seker te maak dat dit aangespreek word. Die slagoffer van bullebakery is dikwels te skaam om daaroor te praat, maar as jy nou kind goed ken en ingestel is op jou kind se emosies, sal jy kan agterkom as iets verkeerd is.

Die meeste skole het deesdae streng reëls in die verband en indien probleme nie na bevrediging opgelos kan word nie, kan selfs terapeute of kindersielkundiges se hulp ingeroep word.

### *Ouers moet emosioneel geborge kinders grootmaak!*

*Lei jou kind om verantwoordelik en met respek teenoor ander op te tree.*

### *Wees jy self die voorbeeld!*

Of jou kind nou self 'n boelie is en of jou kind die slagoffer is, die belangrikste is dat dit aangespreek moet word. Dit is nie iets wat vanself verbygaan of sal oorwaai nie.

Die emosionele skade wat aan die slagoffer aangerig word indien 'n boelie nie op sy plek gesit word nie, het dikwels 'n sterk invloed tot in die kind se jare as volwassene en sy verhoudings verder in sy lewe.

Indien 'n boelie toegelaat word om met sy bullebakery aan te hou, het dit dikwels tragiese gevolge. Lees byvoorbeeld die artikel in die Beeld van 22 Junie 2011, *Meeste boelies ontgroei dit nie*, waarin beweer word dat dit waarskynlik is dat seuns wat op skool boelies is, dikwels ook geneig is om hul meisies of vrouens later te slaan.

'n Oop verhouding met ons kinders is baie belangrik. Kinders moet dagliks van ons liefde verseker word en erkenning kry vir wat hulle doen.

Alles kom neer daarop dat ons werklik ons tyd so moet bestuur dat ons tyd maak daarvoor om ons kinders se harte te leer ken.

*'n Kind wat emosioneel geborge en veilig voel,  
sal nie in 'n bullebak ontaard nie  
en sal ook nie toelaat dat hy / sy geboelie word nie.*



# Gesinne in Harmonie

Volume 5, Augustus 2011  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



**Boekwurms**

Jy is wat jy lees!  
Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

**Flikvlooie**

Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:

<http://www.kids-in-mind.com/>



**Bediening vir Diens**

Kontak ons gerus!

[kinders@rietfontein-suid.ng.org.za](mailto:kinders@rietfontein-suid.ng.org.za)

of

[diens@rietfontein-suid.ng.org.za](mailto:diens@rietfontein-suid.ng.org.za)

**Handige webtuistes vir Ouers**

Hier is nog 'n paar oulike webtuistes waarop ek afgekom het:



**jouwêreld** is die eerste en enigste aanlyn Afrikaanse gesinstydskrif wat maandeliks op die eerste Maandag van die maand verskyn. Teken gerus daarop in as jy toegang tot internet het - die artikels lyk insiggewend en

hulle skryf oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe met spesifieke fokus op die gesin.

**Immergroen Ouerskap / Evergreen Parenting** is Hettie Britz se webtuiste en die skakel is <http://evergreenparenting.co.za/> - dit is in beide Afrikaans en Engels toeganklik. Hettie se passie vir kinderopvoeding het geleid tot haar boeke "Kweek Kinders met Karakter" en "Kweek Gesonde Gesag" in 2007 en 2008. Beide boeke is sedert 2009 in Engels beskikbaar. Sy en ander fasiliteerders bied ook verskeie kursusse in die opvoeding en dissiplinering van kinders aan - die besonderhede is op haar webblad.

**Tieners en die Internet**

In die tydskrif **Juig!** van Junie/Julie 2011, skryf Mark Gregston 'n hele artikel oor 'Tieners en die internet'. Julle kan gerus kyk of julle dit in die hande kry. Hier is so 'n paar uittreksels daaruit:

Die gemiddelde tiener stuur ongeveer 3 000 teksboodskappe per maand aan familie en vriende - vir hulle 'n belangrike deel van hul sosiale interaksie. Videogereedskap soos Skype en sosiale webwerwe [Facebook/Twitter] stel tieners en uitgebreide gesinne in staat om belangrike en buitengewone maniere van kommunikasie met mekaar te handhaaf.

Saam met die goeie is die kwade ook altyd teenwoordig. Ouers behoort te besef dat dit feitlik onmoontlik is om kinders van die slegte dinge wat op Internet beskikbaar/toeganklik, is weg te hou.

Jy het baie wysheid nodig wanneer jy die saak aanroer asook hoe om dit te hanter. Die gevaar bestaan dat jy deur die verkeerde hantering van die saak, jou kind/ kinders van jou kan vervreem. **Luister meer as wat jy praat en moet hulle beslis nie in die verleentheid stel nie.**

Jou kind is heelwaarskynlik op Facebook of Twitter. Maak dus seker dat jy ook daarop

is. Daar is niks wat so goed werk as die feit dat jou ouers moontlik kan sien of lees wat jy daar plaas nie. Dit hou hulle op hul tone. Moet egter nie aanlyn op enigets reageer nie - dit sal hulle in die verleentheid bring ..... en sodoeende gaan jy hulle net die skrik op die lyf jaag. Gebruik dit net as moniteringsmetode en bespreek sake veel eerder persoonlik.

Gaan periodiek die 'browser history' van hul Internet na. [Slageware is beskikbaar wat elke beweging wat hulle maak, op rekord plaas.

Maak dit 'n beleid in jou huis dat julle, as ouers, alle elektroniese wagwoorde moet weet. Verkry toegang tot hul sosiale netwerkrekening vir maandelikse monitoring (of weier dat hulle enige netwerk gebruik indien hulle onverantwoordelik is). Voeg jou naam op hul 'vriendeliks' by en kyk wat daar aangaan. Maak ook seker dat hul profiel 'privaat' is en net hul goedgekeurde vriende daar met hulle kan kommunikeer.

Om jou kinders se Internetgebruik te monitor, kan moontlik 'n groot klomp ekstra werk betekenis, maar ek glo dat ouers absolut alles behoort te doen om uit te vind waarby en waarin hul kinders betrokke is.

**PS:** Dit is beslis die moeite werd om die hele artikel te lees!

**Taakspan vir Kinders**

**Lita Spreeth (Red.)**

Telefoonnummer:

**082 453 8421**

Epos:

[lspreeth@sars.gov.za](mailto:lspreeth@sars.gov.za)

**Taakspan vir Gesinne**

**Basson Geldenhuys**

Telefoonnummer:

**071 6488 656**

Epos:

[basson.geldenhuys@dpw.gov.za](mailto:basson.geldenhuys@dpw.gov.za)

**Oase vir Ouers**

**Willem Oliver**

Telefoonnummer:

**082 455 6671**

Epos:

[willnet@impakonderwys.co.za](mailto:willnet@impakonderwys.co.za)

**Bediening vir Diens**

**Peet Dorfling**

Telefoonnummer:

**084 464 7102**

Epos:

[peet@productivitysa.co.za](mailto:peet@productivitysa.co.za)

**Besoek ons gemeente se webwerf en kyk onder**

**Die Koffiepot**  
vir Volume 1-3 van  
**Ouers in Harmonie en nou Gesinne in Harmonie!**